GAUTENG
LEGISLATURE
Your View — Our Vision



**Hon. Refiloe Kekana**
*CHAIRPERSON: Portfolio Committee on Environment, Agriculture and Rural Development (EARD)*

# DIE GPW NOOI DIE PUBLIEK UIT OM KOMMENTAAR OOR DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP NASIONALE VELD- EN BOSBRANDE [B24-2021] TE LEWER

**Die Gautengse Provinsiale Wetgewer se portefeuljekomitee oor die omgewing, landbou en landelike ontwikkeling (EARD) nooi alle belanghebbendes en belangstellende individue uit om kommentaar op die Wysigingswetsontwerp op Nasionale Veld- en Bosbrande [B24B-2021] te lewer.**

Dié Wysigingswetsontwerp handel oor veldbrande — ŉ belangrike omgewingskwessie wat met die verloop van die jare grootskaalse verwoesting veroorsaak het. Hy poog om die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998 op verskeie maniere te wysig, waaronder—

- om sekere omskrywings in die Hoofwet te wysig en by te voeg;
- om voorsiening te maak vir die vergemakliking van die vestiging van brandbeskermingsverenigings deur ŉ munisipaliteit en ŉ tradisionele raad;
- om munisipaliteite, staatsentiteite, of ander staatsorgane wat grond besit te verplig om by die brandbeskermingsverenigings aan te sluit;
- om toegangs-, soektog-, beslagleggings- en arrestasiemagte uit te reik na vredesbeamptes en tradisionele leiers;
- om die titel van die Wet na die Nasionale Wet op Bosbrande te verander; en
- om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

**Alle individue en organisasies wat in dié wetgewing belangstel word genooi om insae te lewer deur enige van die volgende opsies te gebruik:**

1. **Woon op Vrydag, 18 Augustus 2023 by Tshwane House, Madibastraat 320, sentrale Pretoria. Die vergaderings sal op beide dae om 10:00 begin.**
2. **Kyk regstreeks op 18 Augustus 2023 vanaf 10:00 op die Gautengse Provinsiale Wetgewer se YouTube- en Facebookblaaie; of**
3. **rig ŉ geskrewe betoog aan Me. Lebogang Mampe (komiteekoördineerder) by lmampe@gpl.gov.za of Mnr. Ben Dhlomo (openbare deelnamebeampte) by bdhlomo@gpl.gov.za. Die sluitingsdatum vir alle geskrewe betoë is 25 Augustus 2023. Die sluitingsdatum vir alle geskrewe betoë is 25 Augustus 2023.**

**ŉ Werkswinkel sal voor die verhoor op 14 Augustus 2023 vanaf 10:00. by die Johannesburgse Stadsaal gehou word. Die werkswinkel is daarop gemik om die publiek, voor die beplande openbare verhore en betoë, oor die inhoud van die Wetsontwerp in te lig.**

**Besoek die GPW se webwerf by www.gpl.gov.za of kontak Me. Lebogang Mampe by 071 483 0221 of Mnr. Ben Dhlomo by 079 522 9131 vir meer inligting.**

**Follow us on:** **www.gpl.gov.za**